

REDAKSIONEEL

WOORDE MET WAARDE

Die bekende Engelse skrywer en digter, William Shakespeare, het by geleentheid gesê: *What's in a name?* Of 'n mens William of Willy of Billy genoem word – dit is alles om 't ewe. 'n Naam is 'n naam.

Op die oog af lyk die saak wat Shakespeare stel eenvoudig. By nader insien blyk dit egter nie heeltemal so eenvoudig te wees nie. 'n Naam is nie maar net 'n naam nie. 'n Naam het waarde. 'n Naam vertel 'n verhaal. In 'n naam lê meestal 'n hele lewensgeskiedenis opgesluit. Naamgewing is deurgaans 'n gewigtige saak. So word dit in die Skrif aan ons geopenbaar. Die naam sê iets van die persoon, en van sy familie.

Wat vir name geld, geld eweneens vir woorde oor die algemeen. Woorde dra gewig. Woorde het waarde. Deur woorde te gebruik, dra ons die waarde daarvan aan mekaar oor. Woordewisseling is gedagtewisseling. Met woorde gee ons uiting aan ons gevoel. En aan ons geloof.

Woord-noodtoestand

In ons gebroke bestaan moet 'n mens te wagte wees dat die woord ook aan alles-vernietigende sonde blootgestel is. Dit gebeur al te maklik dat die woord-gebruiker nie noukeurig genoeg sê wat hy of sy bedoel nie. Net so is dit 'n alledaagse verskynsel dat die woord-ontvanger nie presies hoor wat gesê en bedoel is nie. Misverstande kom voor. Die

misverstand baar spanning. Spanning lei tot konflik. Konflik vernietig verhoudings, mits dit betyds gekeer word.

'n Ander vorm van woord-noodtoestand steek in ons dae meedoënloos kop uit. Op die oog en die oor af word woorde gebruik wat bekend is. Woorde soos gehoorsaamheid aan God, binding aan die Woord, liefde, versoening, waarheid, regspraak, Psalmsing, kerk, Gereformeerd-wees. Daar is talle meer. Almal woorde waarmee 'n mens grootgeword het. Tydens die opvoedingsjare is die waarde daarvan verduidelik en vasgelê.

Maar wat is aan die gebeur? Dieselfde woorde word steeds gebruik – met 'n ander inhoud, 'n ander waarde.

Bewyse

Op verskeie terreine blyk dit waar te wees dat die waarde van woorde verplaas word.

- Enkele jare gelede het die Waarheid- en Versoenings-kommissie 'n belangrike rol in ons samelewing gespeel. Die naam van die kommissie verwys na twee begrippe wat in ons Gereformeerde wêreld besonder gelaaï is. Waarheid en versoening is alleen by en in Christus te soek en te vind. Tog is daar – sover vasgestel kon word – nie sodanig met dié begrippe omgegaan nie. Daar is

wel baie oor waarheid en versoening gepraat, maar buite Christus om.

- Opvoeding en onderwys is en sal altyd 'n brandpuntkwestie wees. Dit gaan oor die toekoms van die jeug. Die vraag is: wat word onder opvoeding en onderwys verstaan? Wat twintig en dertig en vyftig jaar gelede met dié terme bedoel is, verskil hemelsbreed van dit wat vandag daarmee bedoel word.
- Oor die term 'Gereformeerd-wees' word daar tans 'n diskussie op die tuisblad van die GKSA gevoer. Die vraag is gestel: wat word ten diepste met Gereformeerd-wees bedoel? In antwoord op die vraag word 'n legio gedagtes gewissel. Klasse en kategorieë soos 'stilstaandes' en 'bewegendes', 'konserwatiewes' en 'liberales' word teenoor mekaar gestel. Plek-plek word doelpale verskuif. 'n Ou begrip kry nuwe inhoud.
- 'Ons sing Psalm 3 vers 2'. Dit is taal wat by die erediens pas. Maar watter Psalm 3:2 sing ons? Sing ons 'n berymde Psalm 3, of 'n omdigte Psalm 3? Die verskil is beduidend. Die berymde Psalm 3 is Psalm 3 in rymvorm. Die omdigte Psalm 3 is nie net Psalm 3 in 'n omdigte vorm nie. Dit is 'n gedig oor Psalm 3. Ongeag die verskil, word een en dieselfde aankondiging gemaak: ons sing Psalm 3.

INHOUD

- | | | |
|--|--|---|
| 1 Redaksioneel Woorde met waarde | 5 Fokus Hy het 'n geslag van God gesoek <i>Ds HLJ Momborg</i> | 12 Persskou Kerk sonder grense <i>Ds GJ Meijer</i> |
| 2 Skrifoorndenking Vrouwees en manwees in die HERE <i>Ds LSD du Plessis</i> | 7 Lesersreaksie Sola Scriptura! Maar hoe? | |
| 3 Aktueel Dopper-Zen <i>Ds ALA Buys</i> | 11 Rekenaar en Internet Herman Bavinck <i>Dr AH Bogaards</i> | |

Quo vadis?

Wat gemaak met woorde wat van waarde verander? Is dit nodig om die kop daaroor te breek? Moet ons nie maar aanvaar dat taal lewendig is en dus voortdurend ontwikkel nie?

Verseker moet 'n mens vir die dinamiese voortgang van taal oopstaan. In 2004 gebruik ons nie

presies dieselfde woordeskat as in 1904 nie. Buitendien is daar voortgang in denke. Daar moet ruimte wees vir dié voortgang. God die Skepper eis vooruitgang, bouwerk, positiewe uitstrek na die voltooiing van sy Raad.

Tog moet daar oor een saak absolute duidelikheid bestaan. Wanneer bestaande woorde met nuwe inhoud

gevuul word, moet dit eerlik gesê word. Die waarde van 'n woord mag nie maar net aanvaar word nie. Die waarde moet omskryf en verduidelik word, sodat ons weet waar ons met mekaar staan. Die belangrikste: die waarde van woorde moet aan die Woord getoets word. Alleen so kan daar gemeenskaplike groei in liefde en kennis wees.

SKRIFOORDENKING

Ds LSD du Plessis, Delmas

Vrouwees en manwees in die HERE

Genesis 3:12-20; 1 Timoteus 2:8-15; 1 Petrus 3:1-7

Wanneer 'n mens deur die HERE kunstig in die moederskoot geweef word (Psalm 139:15), is die mens óf vroulik óf manlik. Wanneer die HERE jou oomblik van geboorte bepaal het, kom jy óf vroulik óf manlik die wêreld in. Om manlik of vroulik te wees, het absoluut niks met toeval te doen nie.

Voor die grondlegging van die wêreld het God al bepaalde besluite oor jou geneem; onveranderlike besluite wat onder andere ons uitverkiesing betref, wie ons lewensmaats sal wees, aangaande ons persoonlikheid, ons uiterlike, en ook ons geslag. As vrou of as man is jy presies wat die HERE jou bedoel het om te wees.

Almal van ons is nie noodwendig hiermee tevrede nie. Allerhande uitwasse vloei dikwels hieruit voort, soos die sogenaamde Feministiese Teologie, die besluit om nie kinders te wil kry nie en homoseksualisme.

Die vraag is egter nie waarom ons dan is wat ons nie wou gewees het nie. Die vraag is: Waarom is ons wat ons is? Waarom het die HERE ons só gemaak? Waarom is jy 'n man? Waarom is jy 'n vrou?

In ons eerlike soeke na 'n antwoord help dit nie om onself moeg te maak met 'n studie oor die tradisionele verhouding, die bestudering van liggaamlikheid of die bestudering van verskeie vakdissiplines soos sielkunde of fisiologie nie. Al hierdie studies kan hulpmiddele wees. Die bron van ons soeke as gelowiges is egter die Skrif.

Die Skrifte oop

Vroulikheid en manlikheid mond deurgaans in 'n huwelik uit. Daarom

sê die HERE baie meer oor geslagsverhoudings binne die huwelik as daarbuite.

Op ouers rus die verantwoordelikheid om hulle kinders toe te rus vir die regte siening oor en uitlewing van geslagtelikheid wanneer hulle eenmaal trou. Vanuit die genoemde Skrifdele fokus ons daarom op die verhouding tussen man en vrou binne die huwelik.

Die verhouding tussen 'n gelowige man en 'n gelowige vrou rus daarin dat beide, man en vrou, moet bely en uitleef dat hulle, as gelowiges, uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig moet wees, soos alle gelowiges uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig moet wees (Efesiërs 5:21).

Ons verhouding met mekaar rus in Christus, en in Hom alleen. Buite Hom om is daar eintlik nie sprake van 'n verhouding nie; miskien van 'n ooreenkoms, ja, maar nie van 'n Geesvervulde verhouding nie. Binne hierdie Geesvervulde verhouding fokus ons op wat die HERE in die genoemde tekste oor manlikheid en vroulikheid sê, asook die gelowige uitleef daarvan in gehoorsaamheid aan die Here Jesus Christus.

Vroulike onderdanigheid

Op die voetspoor van die apostel Petrus ontleed ons eers wat die HERE oor vroulikheid sê.

'n Vrou kan oor geweldige oorredende krag beskik. Hierdie krag word gevoed vanuit haar onderdanigheid aan haar man. Soveel krag het 'n onderdanige vrou, dat sy, selfs sonder om 'n woord te sê, haar ongelowige man vir Christus kan wen.

Die onderdanigheid van die vrou lê dus nie daarin dat sy slegter as 'n man sou wees, of dat die HERE haar as minderwaardig teenoor die man sou takseer nie. Wat die HERE se liefde teenoor en Christus se verlossingswerk vir hulle betref, is man en vrou in Christus gelyk. Haar onderdanigheid rus in haar oorgawe aan die HERE.

Onderdanigheid beteken nie dat sy 'n absolute, blindelinge, slaafse gehoorsaamheid behoort te openbaar nie. Mans is ook sondaars. Wanneer 'n man byvoorbeeld van sy vrou sou vra om hom te help lieg of steel, mag 'n vrou vanuit haar oorgawe aan Christus nooit haar man gehoorsaam nie; sy moet in Christus haar man vermaan! Die huweliksformulier stel dit baie duidelik dat 'n vrou haar man moet gehoorsaam in alles wat reg en billik is. Elke gelowige, vrou en man, moet God meer gehoorsaam wees as mense. Hierdie gegewens definieer 'n man se verantwoordelikheid ook baie mooi. Ook hy moet, in oorgawe aan Christus, sy vrou lei in alles wat reg en billik is.

'n Vrou se onderdanigheid is baie mooi; mooier as selfs die mooiste uiterlike dinge waarmee sy haar kan versier. 'n Vrou se skoonheid en versierings mag nie sentreer rondom die uiterlike dinge nie. Uiterlike versierings is nie per definisie verbode nie. Die HERE leer ons egter dat al sou 'n vrou die kosbaarste en duurste grimering, juwele en klere dra, dit nog nie beteken dat sy werklik mooi is nie. Werklike skoonheid word vertoon deur dit wat binne af na buite kom, naamlik 'n sagmoedige en stille gees (1933/53-vertaling) of blywende beskeidenheid en kalmte van gees (1983-vertaling). Dit het by

God groot waarde. Hiermee word 'n opstandige en dominerende vrou ten sterkste vermaan dat sy nie die skoonheid vertoon wat God in 'n gelowige vrou soek nie.

Wanneer 'n mens die uiterlike duideliker raaksien as die innerlike, is 'n vrou op die verkeerde pad. Paulus skryf in 1 Timoteus 2:8-15 oor hierdie saak. Hy pas dit toe op die vrou se plek ten opsigte van die man, in die gemeente. Deur na die sondeval te verwys, kom dit baie duidelik in hierdie gedeelte na vore dat *leiding* deur 'n vrou geneem in die paradys, *verleiding* geword het. Hierdeur is die hele wêreld geraak. 'n Vrou se "stil en onderdanig wees en haar laat leer" (vers 11: 1983-vertaling) word spesifiek verbind aan wat die HERE haar in haar vroulikheid as lewensopdrag gee: "Maar sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid" (vers 15: 1933/53-vertaling).

Natuurlik beteken hierdie gedeelte nie dat moederskap vir Christus as Verlosser vervang nie. Dit beteken wel dat 'n vrou moederskap as lewensopdrag van die HERE ontvang, al kan sy nie self kinders in die wêreld bring nie. Hierdie moederskap moet in gehoorsaamheid aan God daadwerklik uitgeleef word. 'n Vrou kan op uitnemende wyse bepaalde geloofspraktyke aan kinders oordra, byvoorbeeld die geloofspraktyk om jou liggaam te stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer; die geloofspraktyk dat ons onself onvoorwaardelik aan die HERE toevertrou.

In die gemeente moet sy stil wees en geleer word; sy mag nie die mans leer of oor hulle heers nie. Deur met kinders te werk, is sy egter geroep as

uitmuntende diensmaagd van die HERE. Vanuit die vrou het Hy wat die ware lewe gee, Jesus Christus onse Here, gekom. Geen man kan die maagdelike geboorte van Jesus beter verstaan en oordra as 'n vrou nie!

Dit wat die HERE aan 'n vrou opdra, is nie maklik nie. Elke vrou moet voortdurend krag vir hierdie groot en selfopofferende geloofswerk van die HERE afsmeek. Gelei deur die Heilige Gees, is haar lewensroeping vir haar 'n vreugde. Oppervlakkig geoordeel lyk dit of die HERE se opdragte vir die vrou veel swaarder is as vir die man. Dit is egter nie waar nie.

Opdragte aan die man

Mans moet verstandig met hulle vrouens saamleef en hulle as die swakker geslag eer. Dit impliseer nie dat vrouens dommer en fisies swakker is as mans nie. 'n Man dra egter groot verantwoordelikheid as hoof van die vrou. Hy moet sy vrou reg lei en regeer. Hy moet selfs bereid wees om sy lewe vir haar af te lê (Efesiërs 5:25).

'n Gelowige man moet altyd daarvan bewus wees dat sy vrou saam met hom erfgenaam van die ewige lewe is. Daarom mag 'n gelowige man sy vrou nooit verkleineer nie; hy mag haar nie verskree of slaan nie; hy mag haar persoonlikheid op geen manier kwes of breek nie; hy mag haar nooit as sy persoonlike slaaf hiet en gebied nie. 'n Man mag nooit sy vrou in die skande steek met sy gedrag nie, byvoorbeeld deur drankmisbruik, leuens of diefstal.

'n Gelowige man dra sy vrou op die hande.

Beide Paulus en Petrus wys vervolgens op iets wat gelowige mans dikwels nie

in gedagte hou nie. 'n Gelowige man leef as 't ware met 'n swaard oor sy kop. Wanneer 'n gelowige man nie reg leef met sy vrou nie, kom sy gebedslewe in gedrang. 1 Petrus 3:7 en 1 Timoteus 2:8 stel dit vir ons baie duidelik. Wanneer 'n man nie reg met sy vrou leef nie, nie 'n skoon gewete ten opsigte van sy lewe met sy vrou het nie, word hy in sy gebede verhinder. Dan bid hy eintlik tevergeefs.

'n Man se verantwoordelikheid is dus baie groot - te groot om in eie krag te kan dra.

'n Vrou is van nature opstandig, veral wanneer haar man haar misbruik en as minderwaardig beskou. 'n Man weer is in sy natuurlike menswees gewelddadig en dominerend. Hy wil sy gesag geestelik en fisies laat geld by die geringste tekens van opstandigheid wat hy bespeur.

Ook hierin moet die man sy krag van die HERE afsmeek, en hom deur die kragtige werk van die Heilige Gees laat lei.

Die verhouding tussen 'n gelowige man en 'n gelowige vrou is vir die HERE uiters belangrik, want die huwelik dra 'n evangeliserende karakter! Die huwelik van gelowiges verkondig dat die kerk die bruid is wat in gespanne afwagting bid dat haar Bruidegom, Jesus Christus, gou sal kom! Dit verkondig dat die bruid haar met 'n nederige, sagmoedige, stille gees aan haar Bruidegom onderwerp; haar Bruidegom wat Homself vir haar in die dood oorgegee het sodat sy vir ewig kan lewe.

Laat ons dan in alle erns ons vrouwees en ons manwees in diens van die HERE stel, sodat ons Hom kan dien soos Hy gedien wil word.

AKTUEEL

Ds ALA Buys, Pietersburg-Noord

DOPPER-ZEN

Zen-Boeddhisme: dit is nou nie die heel eerste ding wat op ons kerklike radarskerm verskyn nie. Dit lyk ook heeltemal skeef om van iets soos "dopper-zen" te praat. Maar wanneer daar konsekwent nagedink word oor die huidige Skrifbeskouing wat in die gereformeerde wêreld aan die ontwikkel is (of besig is om te ontaard), dan blyk dit presies die

logiese uiteinde te wees. Die vraag moet dringend gevra word: Is die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika besig om die land gereed te ploeg vir die Boeddhisme?

Vreemde mistiek

Boeddhisme in al sy vertakings, waarvan Zen tans die gewildste is, het

een deurlopende kenmerk. Dit is deur en deur 'n mistieke godsdiens wat naderhand alle begeerte afgee. Die mistiek wil iemand op 'n persoonlike vlak deur geestelike introspeksie in kontak met 'n godheid bring. Die christendom, veral die Rooms-Katolieke wêreld, is glad nie vreemd aan godsdienstige mistiek nie. Die gereformeerde leer, wat uitgaan

van God se selfopenbaring in die Skrif, wat die inwoning van die Heilige Gees in die kerk bely, het van huis uit nie 'n mistieke aanvoeling nie. Dit was en is nog steeds die groot beswaar teen die sogenaamde charismatiese groeperinge dat hulle hul in verskillende grade aan die subjektiewe mistiek oorgee.

Mistiek het vele vorme. So ontwikkel daar tans 'n nuwe kultivar, naamlik stedelike mistiek, wat sy gryparms ook na die kerk uitsprei. Mistiek is nie altyd maklik herkenbaar as die monnik met die oranje rokkie wat op die groen heuwel met gekruisde bene sit en mediteer nie. Die mistiek wat vandag binne die Gereformeerde kerke aan die ontwikkel is, wil juis binnekerks sy ontstaan hê. Dopperzen is 'n binne-aarse parasiet. Dit kan meer akkuraat aangedui word as post-moderne Zen-Boeddhisme binne die Gereformeerde Kerke. Menige ouderling sal dadelik verklaar dat sulke growwe afgodery van 'n myl sigbaar en uit die kerk weerbaar sal wees. Tog is die teendeel waar. Hoe het hierdie Dopper-zen embryo ontstaan, hoe groei dit en wat gaan dit uiteindelik wees?

Vorbereidings

Dopperzen, soos alle ander parasiete, ontstaan wanneer die klimaat reg voorberei word. Een onmisbare voorwaarde vir die ontstaan van Dopperzen is die afgee van die geloof aan enige eksterne waarheid. Binne die gereformeerde kerklike debat is hierdie eerste voorbereidingsfase haas afgehandel. Dit het soos volg gebeur: predikante wat nie meer artikels 1-7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis glo en bely nie (of nog skynheiliger, met die kanselmond bely maar nie met die studeerkamerhart glo nie), wat nie meer Sondag 12 van die Heidelbergse Kategismus glo en bely dat Christus die enigste Profeet en Leraar is nie, het 'n onderskeid begin tref ten opsigte van God se etiese wil, as middelmatige saak, en God se soteriologiese wil (sy verlossingswil), as wesenlike saak.

Eie leuse

Die Gereformeerde Kerke het dit na die 2003-sinode *de facto* begin doen, al is vorige besluite van 1988 nie *de jure* herroep nie. In katkisasie-taal kom dit op die volgende neer: ons weet *hoe* God ons wil red, maar ons weet nie *wat* Hy van ons wil hê nadat Hy ons gered het nie. Ons is seker

oor ons verlossing in Christus, maar ons is onseker oor wat sy bevel presies is. Verlossing word nog buite die self gesoek, maar vir alle ander etiese kwessies word daar na die binnekant beweeg. Tans heers daar so 'n kollektiewe subjektivisme. Dit kom eintlik op die volgende neer: ons weet verseker uit die Bybel dat Jesus Christus ons red, maar ons VOEL tans dat sekere onsekerhede in die kerk vanuit ons kollektiewe tydsgees en konteks aangepak moet word. Hierdie fase, wat in 2003 aangebreek het, gaan so 'n halwe dekade neem om goed pos te vat. Die leuse is: "Ons-weet-ons-is-gered, daarom-voel-ons-om-te-maak-soos-ons-nou-dink." In die voltrekking van fase een bly die verbond in die slag en sal ons al hoe meer hoor dat daar geen teksversie vir die kinderdoop is nie. Wanneer die onverbondsmatige denke en preke goed genoeg verkondig is, is die tyd ryp vir die volgende fase.

Fase twee

Die valse onderskeiding tussen God se reddingswil en sy etiese wil gaan in die volgende geslag se koppe 'n onhoudbare skeiding word. Dan vind fase twee van die Dopperzen uitbroeiing plaas. Hierdie fase is baie logies en konsekwent. Die kinders gaan 'n eenvoudige vraag vra: As my dominee so vreeslik onseker is oor wat hy moet doen nadat hy gered is, hoe weet ek die dominee weet regtig wat die pad van redding is? Hoekom sal God my 'met die Bybel' red, maar my 'met my hart/gevoel' Hom laat dien? Wat help dit om God te dien, as ek nie waarlik kan weet wat Hy wil hê nie? Kinders is verskriklik eerlik. Hulle het nie die skyn van heiligheid wat die eerste fasers ken nie. Hulle sê: jy weet, of jy weet nie. As daar twyfel is oor God se etiese wil, moet daar logies twyfel wees oor God se reddingswil. As ek my hart (as enkeling of demokraties as groep) moet gaan vra hoe om God te dien, waarom mag ek nie my hart gaan vra hoe om gered te word nie?

Redding word onduidelik

Hierdie tweede geslag, die voorouers van die Dopperzen, stel glad nie meer belang in hoe die erediens ingerig moet word nie. Hulle gaap oor die vraag of 'n vrou mag preek of nie en sing lankal nie meer die ou omdigtings nie. Hulle hart het vir hulle gesê: "Jesus is in my hart". Hy ontmoet hulle nie meer verbondsmatig in die

erediens nie, maar wil hom en haar alleen in die mistieke ervaring van eie persoonlike geloofsuitoefening ontmoet. Die eenheid van die kerk is dan totaal misties in die G(?)ees. Die tweede fase is afgehandel, naamlik dat die redding ook nie meer uit die Skrif duidelik is nie. Soveel hoofde, soveel sinne. Daar is soveel waarhede op die mark dat jou enigste kans op sekerheid is om in jou eie hart vir jouself die ding uit te werk. Die kerklike debat het begin stilraak want die voorouers van die Dopperzen gaan nie meer kerk toe nie. Hulle soek God, maar nie sy kerk nie. Hulle wil Christus hê, maar wil nie sy liggaam wees nie (Efesiërs 1:22-23).

Eie godsontdekking

Die laaste fase breek aan. Elkeen besluit vir homself of hy 'n god wil hê, of dalk self een wil wees, hoe hy daardie god wil sien of mensereglik wil wees. Sommige sal nog van 'n Jesus praat, want ouma was tog so lief vir die naam. Ander name sal ook gekies word. Hoe kan ons seker wees wat die naam van God is as die uitslag daarvan nie in die Skrif is nie, maar in die eie hart? Hulle gaan nie dadelik oranje dra nie en wil nog uit sentiment die Bybel lees: NIE om God daaruit te leer ken nie, maar om hulle harte misties voor te berei om self tot 'n godsontdekking te kom. Die Skrif word dan 'n skrif, 'n kodeks waaruit rigtingpeilers geneem word om jou hart se ontdekkings te stimuleer; 'n geestelike menslike kunsmatige inseminasie wat die inspirasie van die Skrif deur die Heilige Gees vervang.

Geen hoogmoedige sending

Van bekering en geloof is daar in hierdie fase geen sprake nie. Sending het onder die Dopperzen aanhangers feitlik tot stilstand gekom. 'n Mens moet nie so hoogmoedig wees om jou eie Jesus-belewenis op ander mense af te forseer nie. Help die ander een eerder om sy eie godsbelewings te poleer. Neem by mekaar oor en laat kruisbestuiving plaasvind, sodat daar 'n heerlike post-moderne godsdienstige verdraagsaamheid ontstaan. Hoe meer verlosserswaarhede daar uitgesnuffel kan word, hoe nader is ons daaraan om die waarheid vir onself saam te stel.

Die moontlike vierde fase, as hierdie addergeslag nog so lank in Afrika sal kan uithou, sal dan eenvoudig deur

die fundamentalistiese en oer-Afrika godsdiens opgeslurp word, aangesien hulle geen innerlike regverdiging vir hulle eie voortbestaan sal vind nie. Soos alle parasiete sal hulle ook sterf, omdat die pleegouer, die kerk, doodgebloei het.

Kinderstemme uit die hel

Alles gaan oor Skrifgesag. Ons mag nie God se reddingswil van sy sogenaamde etiese wil skei nie. Daarvan spreek die Heilige Gees in Efesiërs 1:4-6 as Hy sê: “soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wereld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlijkheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.”

Daarom sal ek, en die kinders wat die Here my gegee het, die Skrifgesag handhaaf soos ons dit in artikels 1-7 NGB bely. Al moet ek ook vir soteriologiese gelowiges sê: Julle loop van my af weg met julle nuwe Skrifomvorming. Ek volg julle nie. Julle sê dat ek en my huis die kerk skeur. Dit is 'n leuen. Ek bly by die gesag van die Skrif wat God se reddingswil in Christus bekend maak, en sy heiligingswil aan my en my huis beskryf. Ek bloei, want julle skeur van my af. Ek gaan nie op die Dopperzen pad nie. As ek en my huis steeds genade voor God mag vind, dan wil ek ook my kleinkinders langs my by die troon van God hê. Mag God gee dat ek nooit sal hoor hoe hulle my oor die kloof vanuit die hel beskuldig en sê dat ek hulle nie gewaarsku het om nie God se reddingswil en sy etiese wil van mekaar te skei nie.

Die huidige voorouers van die Dopperzen-boeddhistiese vermoor hulle agterkleinkinders (wat nog, in Bybelse taal, in die lendene van hulle kinders is). Hulle verwoes die toekoms van die kerk. Hulle begeer nie om hulle kleinkinders salig te sien nie. Dit is Dopperzen. Daaraan sal en mag ek nie deelneem nie. Mag die Here 'n wonder bewerk en bekering oor die sosio-historiese skrifbeskouing gee. Mag ons nooit God se wil versnipper nie. Hoor wat die Heilige Gees vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sê: “Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom” (Johannes 3:36). Slegs ware bekering oor Skrifgesag-aanranding by die huidige geslag sal die toorn van God oor die Dopperzen nageslag van die Gereformeerde Kerke afwend.

FOKUS

Ds HLJ Momborg, Pretoria

Hy het 'n geslag van God gesoek

Daar staan geskrywe: “sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis” (Psalm 144:12).

Kan ons die afrigting van die jeug ooit losmaak van die groot doel wat God met hierdie skepping, hierdie erfenis, hierdie aarde waarop Hy ons mensheid geplaas het, in die oog het? In Psalm 144 is 'n kort sinnetjie geskrywe wat alles in 'n neutedop saamvat. Die groot heilsplan van God, die Evangelie, die uitverkiesing, die genadeverbond, die praktiese leef en uitbou van 'n vervloekte aarde wat in barensnood uitkreeu om vernuwing – ja, dit alles is in een kragtige kort doelsinnetjie uitgedruk: sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis.

Maleagi het dieselfde gedagte op 'n ander, maar ewe treffende manier verwoord: Hy het 'n geslag van God gesoek (Maleagi 2:15).

Goeie eksegese vra altyd weer dat ons die verpakking van die teks, saam met die teks self, goed bestudeer.

In Psalm 144 hoor ons Dawid wat by die HERE pleit om uitkoms in sy

sware stryd teen sy vyande en vreemdes. In daardie tyd was die vyande en die vreemdes meestal die Kanaäniete en veral die Filistyne. Die Psalm sê kortliks dat Dawid pleit om die behoud van die kerk van die HERE.

Ons moet in gedagte hou dat die kerklike lewe en die volkslewe in die tyd van Dawid bykans geheel en al oorvleuel het. Daar was spesifieke omstandighede waaraan 'n geseëde samelewing gemeentelik kon word. Ook was daar omstandighede waaronder die kerk swaar vervolgd en verdruk is. Onder verdrukking het hulle die tugtigende hand van die HERE gevoel. As daar vrug op die lande was, die skure vol graan en die vee talryk, dan het hulle die HERE se hand as 'n seën ervaar.

Volgens Dawid se gebed sien ons hierdie seën wanneer ons seuns soos plante opgekweek is en ons dogters uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis. Kortweg sien ons dit wanneer ons kinders behoorlik in die verbond onderrig en opgevoed is. Om dit moontlik te maak het die HERE vanuit die skepping vir die man en sy manin gesê: wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, heers daarvoor, bewerk dit en bewaak dit.

Ons het hier te doen met die Godgegewe huwelik en huisgesin en die Godgewilde werking daarvan. As die volk in egte verbondstrou aan die koning onderdanig is (vers 2) en hulle gesinsroeping nakom (vers 12), is daar vir so 'n volk 'n geseëde welgeluksaligheid bestem (vers 15).

Wanneer Maleagi die verwilderde kerkvolk aanspreek, verwyt hy hulle dat hulle hierdie basiese roeping van die HERE versaak het. Hulle het sy verbond in die uitlewing van hulle huwelike en gesinne en die samelewing verbreek.

Die hele kerklike en burgerlike samelewing het korrup geraak. Morele standaarde en gedissiplineerde naasbestaan het in losbandigheid verval. Al die sondes wat hulle voor die ballingskap gedoen het, doen hulle maar weer. Die priesters sug onder die swaar las van die tempeldiens. Hulle trek die neus op vir offerdiens. Die reformasie en heropbou van die land, bykans 'n 100 jaar gelede, was al lank vergete.

Maleagi wys in hoofstuk 2 die hart van die seerplek uit. Eerstens word God nie meer waarlik as God geag, soos wat Hy Homself aan ons geopenbaar het nie. Gevolglik is daar

geen onderhoudende verbondstrou en gehoorsaamheid aan die HERE nie. Die dodelike kanker het tot binne die hart van die samelewing deurgedring - tot in die huisgesin. Huwelike tussen gelowiges en ongelowiges of, soos ons dit vandag goed ken, net gerieflike saambly-ooreenkomste, word as standaard-praktik aanvaar. Veel erger: daar word oor onbenullighede egbreuk gepleeg. Kinders word in gebroke huise groot. So dring die profeet deur na die kern van die krisis in die samelewing - tot by die ontrouheid tussen huweliksgenote en die uitwerking daarvan op hulle kinders en die gevolge wat dit vir die samelewing inhou. 'n Menslike mentaliteit waar elkeen vir homself veg om bo uit te kom en die beste stukkie van die koek vir homself te annekseer. Of hy in die proses ander mense vernietig maak nie saak nie, solank hy net self as die sterkste oorleef.

Soortgelyke kenmerke kan maklik in ons samelewing herken word - op so 'n growwe skaal dat dit lank reeds 'n groot deel van die kerkvolk vergiftig het. Die teoloog, Abraham Kuyper, lê die weg van deformatsie treffend uit in sy traktaat van Reformasie. Hy skilder in besonderhede hoe die wêreldse gees 'n vatplek in die denke van gelowiges kry. Dit neem so hand oor hand toe dat daardie wêreldse gees nie net volskaals deur die gemeente beoefen word nie, maar selfs deur die ampsdraers, die predikante, die teologiese professore, die onderwysers en die dosente verdedig en regverdig word. Dit is presies die proses wat plaasvind wanneer 'n gelowige letterlik en figuurlik met 'n ongelowige trou. Dit is ook presies wat gebeur as getroudes aan mekaar ontrou word. Hulle leer mekaar dan om te doen wat elkeen in sy eie oë goedvind.

Wanneer die koningskap van God met soveel disrespek vir God en sy gebod in mense se lewens afgebreek word, het die verrotting reeds tot die dood toe ingetree; dan het ons 'n sterwende kerkgemeenskap geword. Mense verlaat die kerklike lewe en skakel by die teenswoordige wêreld in.

As ons na die oproep van die profeet luister, beteken dit dat ons diensbaar moet raak aan die kerkvergaderende en kerkreformerende koningskap van die Here Jesus Christus. Ons moet diensbaar raak aan die wederbarende werk van die Heilige Gees, wat mense na God se beeld en gelykenis hernuwe sodat hulle hierdie sugtende skepping weer met barmhartigheid en liefdesorg bewerk, bewaak en

beheers. Dan moet ons weer diensbaar raak aan 'n omkerings-proses wat mense die amp van koning, priester en profeet laat opneem in hulle lewe van elke dag.

Ons sien skerp hoe Maleagi die doel van die HERE in die kort boodskap weergee: Hy het 'n geslag van God gesoek. Daar is 'n genitieskonstruksie tussen die woorde "geslag" en "God". Dit is naamlik 'n geslag van God. Letterlik staan daar: Hy het naartiglik 'saad' van God gesoek. Hierdie verbinding kan op 'n betekenisryke wyse nader verklar word. 'n Geslag van God is 'n geslag wat hulle assosiasie met God het. 'n Geslag wat uit Hom tot stand gekom het. 'n Geslag wat God as hulle Vaderlike oorsprong het. 'n Geslag wat deur Hom versorg en onderhou word. 'n Geslag wat afhanklik van Hom lewe. 'n Geslag wat aan Hom gehoorsaam is. 'n Geslag in wie sy heerlikheid reflekteer. 'n Geslag van God. Hy soek dit onder die mense. Hy soek sy kerk.

Dit is die heerlikheid waarmee Hy ons aanvanklik gescape het. Lukas noem Adam: Die seun van God.

Die sondeval het die saad van God tragies geskend.

Dit het God se uitverkiesende liefde egter nie gestuit nie. Steeds soek Hy 'n geslag van God. Hierdie soeke het gemaak dat Hy bedoeld vyandskap gestel het tussen die vrou en die slang en tussen hulle onderskeie sade.

Die soeke na 'n geslag van God is tragies teleurgestel toe die seuns van God in die dae van Noag vir hulle vroue onder die mense geneem het; toe die seuns wat hulle assosiasie met God gehad het, gaan trou het met dogters wat hulle assosiasie by die mens bepaal. Dit is omdat Hy 'n geslag vir God gesoek het, dat Hy tog vir Noag en sy gesin begenadig het en wonderkragtig uit die sondvloed gered het. Die feit dat Hy aan sommige genade betoon, bewys dat Hy op soek is na 'n geslag vir God. Hy het spesiaal sy verbond met Abraham en sy gelowige nageslag deur die eeue opgerig. Die aankondiging van verlossing uit die mag van die sonde en die duiwel, deur die dood van sy Seun, bewys dat Hy 'n geslag van God soek; 'n volk om Hom te dien en eer en skape van sy wei te wees.

Vir die geslag van God het Hy sy Seun gestuur, die mens wat uit die geslag van Dawid mens geword het en tegelyk ook deur die Gees verklar is as Seun van God. Alles gaan daaroor

dat Hy vir Homself 'n geslag van God soek.

Na tragiese afval gee Hy opnuut reformasie, maak mense tot sy dissipels, reinig en heilig sy kerk deur die geskiedenis in sy liefdeswaarheid (ook sy waarheidsliefde) en bewaar sy kinders van die Bose. Dit is die manier waarop Hy ook sy soeke na 'n geslag van God waar maak.

Uiteindelik sal hierdie geslag, wat uit al die stamme, volke, tale en nasies van die wêreld kom, as ontelbare menigte voor sy troon verskyn. Die geslag sal op hierdie nuutgemaakte aarde as konings heers en hulde in die Jerusalem van God inbring.

Hierin is ons vandag steeds geroepenes. As ons God se reformasie wil dien, moet ons dit binne die regte kernstrukture doen. Die hart - waar die verbondskrag van God die hele lewe deurspoel en oorspoel en mense toerus om toerusters van mense te wees. Ons moet deur suiwer Woordbediening die harte van ouers en gesinne bereik. Ons moet deur suiwer Woordtoepassing en Woordaanwending die kinders vir hulle roeping in God se koninkryk afrig. Waar die fokus en die brandpunt oor jare vervaag, vervlak of prakties heeltemal verdwyn het, moet ons dit terugsit waar dit hoort. Waar die lewensankers lankal afgesny is, sodat die opvoedingsboot gevaarlik in die stormwaters van die Leviatan rondobber, daar moet ons weer die anker van die geloof binne-in die allerheiligste in die verbondskrag vas anker - by die troon van God se genade. Ons moet weer die gryparms van die geloof rondom die allesbeheersende Here Jesus Christus slaan, want Hy het 'n geslag van God gesoek, sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis.

Onder vandag se omstandighede word ons met die vraag gekonfronteer hoe ons ons kinders opvoed en laat opvoed (in ouerhuis en skool). Ons word met die vraag gekonfronteer hoe ons ouers toegerus word (deur prediking en Skrifstudie) en hoe ons onderwysers afgerig word (deur die opleidingsinstansies) om 'n kerkvolk, 'n geslag van God, te soek.

Die Here soek by ons verbondskinders wat, as die geslag van God, hulle verwantskap met ons hemelse Vader hoe langer hoe meer deur die Heilige Gees betoon. Daaraan moet die afrigting van belydende lidmate,

die toerusting van ouers, die opleiding van onderwysers, die opleiding van predikante, die onderrig van kinders in die huis en die skool, diensbaar wees. Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemel volmaak is - so het die Here Jesus dit in sy bergrede uitgedruk. Heiligmaking -

daarsonder sal niemand die Here sien nie. Reformasie in die onderwys vra na reformasie in die ouerhuis, vra na reformasie in die prediking, vra na reformasie in teologiese opleiding en reformasie in onderwyskolleges. Dit is die offerdiens wat vir Hom welgevallig is in sy soeke na 'n geslag van God.

Dit is die gebedsdienst wat Hy graag verhoor en volgens sy beloftes met sy onberekenbare seëninge beantwoord! Gaan soek 'n geslag van God sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgeekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis.

LESERSREAKSIE

Sola Scriptura! Maar hoe?

Br Slabbert Le Cornu (Potchefstroom) reageer na aanleiding van 'n opmerking in die redaksionele artikel van *Waarheid en Dwaling*, Oktober 2003. Ds Momberg, outeur van die betrokke artikel, is versoek om die skrywe van br Le Cornu te beantwoord.

Broeder Le Cornu skryf

"As dan gevra sou word wat die belangrikste dinge is waardeur die Christelike geloof onder ons vasstaan en sy waarheid behou, sal gevind word dat die volgende twee dele nie alleen die belangrikste plek beklee nie, maar daaronder ook al die ander dele insluit, en daarom die hele inhoud van die Christelike godsdiens is, naamlik, eerstens, 'n kennis van die manier waarop God reg *aanbid* moet word, en, tweedens, die bron waarvandaan *verlossing* verkry word. As ons hierdie *twee dinge* nie reg insien nie, hoewel ons mag roem in die naam Christene, is ons aanspraak leeg en waardeloos"¹.

Hierdie woorde van Calvyn is ook die belydenis van elke gereformeerde gelowige en gemeente. Verlossing én aanbidding staan sentraal in die Christelike geloof, soos verwoord in die volgende woorde van die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 7: "Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat *alles wat die mens vir sy saligheid moet glo*, daarin voldoende geleer word. Aangesien *die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word* daarin uitvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Galasiërs1:8). *En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat* (Deuteronomium12:32), blyk dit

duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is...".

Dit is daarom vreemd dat in die Oktober 2003 redaksiekolom van u blad die stelling "As die Woord iets nie beveel nie, is dit verbode" - met verwysing na 'n paar voorbeelde in die kerkgeskiedenis - afgemaak word as bloot 'n anabaptistiese uitvindsel en 'n siening wat alleen deur die 'radikale hervormer', John Knox, gehandhaaf is. Hierdie stelling word dan teenoor Calvyn en die gereformeerde belydenis as onaanvaarbaar bestempel. Graag wil ek antwoord deur daarop te wys dat bogenoemde stelling, histories genoem die regulerende beginsel van die erediens (afkorting: RBE), die gereformeerde *sola Scriptura* (die Skrif alleen) belydenis standpunt is.

Toegepas op die erediens: om die HERE te dien alleen soos Hy beveel (Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 96).

William Cunningham skryf in sy standaardwerk oor die teologie van die Reformatore² dat, in antwoord op Rome se valse erediens, onder die Protestantse Reformasie van die 16de eeu twee beginsels aangaande die erediens ontstaan het. Die een is die Luthers-Anglikaanse beginsel, wat leer "dat die kerk in die regering en erediens nuwigheide mag inbring, wat nuttig en bruikbaar is, met die nodige volmag, solank dit net aangewys kan word dat daar nie enigets in die Skrif is wat dit eksplisiet verbied of ontmoedig nie". Die ander siening was die Calvinistiese siening, wat oortuig was dat "daar in die Skrif genoegsame duidelike aanduidings is, dat dit Christus se sin en wil was dat niks in die kerk se regering en erediens ingevoer mag word nie, behalwe as 'n positiewe volmag daarvoor in die Skrif gevind kan word".

Deur die geskiedenis het

eersgenoemde beginsel kortliks bekend gestaan as 'Solank dit nie verbied word nie, is dit toelaatbaar', teenoor die reformatiese stelling: 'As dit nie beveel word nie, is dit verbode'. Daarom kon Luther (en Cranmer), wat die erediens betref, so naby aan Rome bly aangesien hy "van die Roomse erediens alles behou (het) wat hy as *nie in stryd* met die Skrif beskou het nie, soos beelde, kerse, altare, priestergewade, ensovoorts"³. Teenoor hierdie siening het die Calvinistiese reformasie van Zwingli, Calvyn en Knox gestaan: "...verder het (Zwingli) die predestinasieleer bely en in die erediens van dieselfde standpunt as Calvyn uitgegaan, naamlik dat alles verwyder moes word wat nie *uitdruklik* in die Heilige Skrif *voorgeskrywe* word nie"⁴.

Calvyn skryf daarom: "Ek weet hoe moeilik dit is om die wêreld te oortuig dat God alle maniere om Hom te vereer *wat nie uitdruklik in sy Woord goedgekeur word nie*, afkeur. Die teenoorgestelde oortuiging kleef hulle aan - asof dit in hulle murg en bene vassit - dat wat hulle ookal doen vanself aanvaarbaar is, solank dit maar 'n soort ywer vir die eer van God vertoon. Maar aangesien God dit wat ons doen uit ywer om Hom te vereer, *maar wat verskil van sy bevel*, nie net as waardeloos beskou nie, maar dit eenvoudig verafsku ... waarom dit dan doen? Die woorde van God is *duidelik en seker* 'om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer', en 'tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooi van mense is (1 Samuel

1 *Tracts relating to the Reformation by John Calvin*, translated by Henry Beveridge, vol. 1 (Edinburgh: T&T Clark), p. 116.

2 *The Reformers and the Theology of the Reformation* (Edinburgh: The Banner of Truth Trust, 1989 [1862]), p. 31 e.v.

3 S du Toit, *Algemene Kerkgeskiedenis* (Potchefstroom: Pro Rege, 1963), p. 76.

4 *Ibid.*, p. 79.

15:22; Matteus 15:9). Elke byvoeging tot Sy Woord, is 'n leuen. Blote 'eiesinnige godsdiens' (*ethelothreskeia*) is nietigheid⁵.

Vir Calvyn, soos vir John Knox⁶, soos in NGB artikel 7, was Deuteronomium 12:32 die *locus classicus* aangaande die erediens⁷. Knox skryf dat "alle aanbidding, verering of diens wat deur die mens se brein uitgedink is in die erediens van God, sonder Sy eie uitdruklike bevel, afgodery is"⁸.

Calvyn se kommentaar op Deuteronomium 12:32 is: "*Alles wat Ek julle beveel*. Deur hierdie kort klousule leer Hy dat alles regmatig is in die erediens aan God, wat Sy goedkeuring in Sy Woord wegdra ... Deur die verbod op byvoegings en die nalaat van enigiets, veroordeel Hy eenvoudig as onwettig alles wat die mens deur sy verbeelding uitdink".

Die RBE word uitdruklik in ons gereformeerde belydenis gevind, onder andere in NGB artikels 7, 32, 34 en 35 asook vraag en antwoord 91 en 96 van die Heidelbergse Kategismus⁹. Tydens 'n lesing gehou by die 2001-*International Conference of Reformed Churches* (ICRC), stel ds GI Williamson dit dat die RBE "nog nooit êrens helderder uitgedruk is as in die Heidelbergse Kategismus nie: 'Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie, en Hom op geen manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie.' ... Ursinus ... het dit as volg verduidelik: 'Die doel en die rede vir hierdie gebod is dat die ware God ... vereer moet word op die manier ... wat Hom behaag, en nie deur 'n erediens volgens die verbeelding en gedagtes van die mens nie ... (en) dat die erediens van God soos dit voorgeskryf is, suiwer en onvermeng bewaar moet bly.' Of sommer kortweg: 'Om God waarlik te vereer, beteken om Hom te dien op die manier wat Hy self voorgeskryf het'"¹⁰.

In die herstigting van die GKSA het die regulerende beginsel, soos verwoord in NGB artikel 7, ook 'n sentrale rol gespeel. Dr GCP van der Vyver wys daarop dat die Doppers hulle onder andere beroep het op Skrifgedeeltes soos Deuteronomium 4:2; Matteus 15:9 en Openbaring 22:19, om te bevestig "dat die invoer van die Gesange gelykstelling was van 'n menslike geskrif met die geïnspireerde Woord van God. Met 'n beroep op artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis het hulle die Woord van God as volmaak en genoegsaam beskou, waaraan niks toegevoeg mog word nie. Die Gesange naas die

Psalms in die erediens het hulle beskou as sodanige toevoeging"¹¹.

Die RBE verstaan dat die 'uitdruklike bevel of voorskrif van God' soos volg in die Skrif gevind word: eksplisiete bevel, historiese voorbeeld of deur logiese afleiding. Dit word soos volg verwoord deur onder andere die Westminster Konfessie I:6 - "Die volle raad van God met betrekking tot alle dinge wat nodig is vir Sy heerlikheid, die saligheid van die mens, en die geloof en lewe, is uitdruklik opgeteken in die Skrif, of mag van die Skrif afgelei word, deur 'n goeie en noodsaaklike gevolgtrekking, waarin niks te eniger tyd bygevoeg mag word nie, of dit nou nuwe openbarings van die Gees of tradisie van mense is nie".

Elke *element* van die erediens (byvoorbeeld prediking, voorlesing, samekoms op 'n Sondag, sakramente bedien, gebed, psalms sing) moet daarom 'n *bevel/hê*, terwyl die *omstandighede* waarin dit moet plaasvind sal verskil van plek en tyd, en daarom kan ons spesifieke afleidings maak op grond van die algemene beginsels van die Skrif (byvoorbeeld hoe laat kom ons bymekaar, die struktuur/gebou waarin die erediens plaasvind, watter soort banke, een of drie maal besprenkel by die doop, hoeveel tafels by die nagmaal)¹².

Die probleem van die Anabaptiste was dus nie dat hulle geglo het 'wat nie beveel is nie, is verbode' nie, maar dat hulle dit nie reg gebruik en toegepas het nie. Hulle bewering dat die opdrag om kindertjies te doop nie in die Bybel staan nie, is 'n leuen, omdat hulle die Nuwe Testament teen die Ou Testament afspeel, en nie die bevel van God volgens die volle openbarings-historiese en heilshistoriese lyne gelees en verstaan het nie. Daarteenoor het die gereformeerdes nog altyd geglo dat die Skrif die doop van kinders beveel, soos dit ook bely word in NGB artikel 34, in die besonder met die volgende woorde: "Daarom het Hy *beveel*/om almal wat sy eiendom is, net met gewone water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees te doop (Matteus 28:19; sien ook Handeling 2:39) Daarom behoort hulle (kindertjies - SLC) die teken en die sakrament te ontvang van wat Christus vir hulle gedoen het, *soos die HERE in die wet beveel het* om hulle kort na die geboorte deel te laat hê aan die sakrament van die lyding en sterwe van Christus deur vir hulle 'n lam te offer, wat 'n

sakramentele heenwysing na Jesus was ... (Genesis 17:11; Levitikus 12:6)".

Wat Knox betref, is dit waar dat hy baie vinniger en meer konsekwent enige Roomse erfenis in die erediens wou verwyder het, as byvoorbeeld Calvyn. Maar, ongeag hul benaderingsverskille, was hulle eenstemmig dat, as God se Woord nie iets beveel vir die erediens nie, dit verbode is. Verder moet ook verstaan word dat Knox juis die kniel by die gebed en nagmaal in sy tyd verwerp het, omdat dit deel was van die Roomse afgodery wat deel van die verpligte erediens aan God uitgemaak het.¹³ Uit hierdie spesifieke geval kan dus nie afgelei word dat Calvyn eerder die standpunt van Cranmer (die Luthers-Anglikaanse siening) sou ondersteun as vir Knox nie, omdat dit in stryd sou wees met wat Calvyn alles oor die erediens in sy verskillende werke skryf. Daarom sou dit myns insiens onverantwoordelik wees om met verwysing na 'n paar sogenaamde 'ekstreme' voorbeelde uit die geskiedenis die RBE op sigself af te skryf as onskriftuurlik en ongereformeerd. Nee, ons moet ook wat die erediens betref, soos die Bereane

5 Beveridge, *ibid.*, p. 118. Sien ook sy kommentaar op Lev. 10:1; 22:32; Num. 15:39; Deut. 4:1; 12:32; 2 Sam. 6:6-12; Jes. 29:14; Jer. 7:21-24; 7:31; 19:4,5; 26:2; Matt. 15:1,9; Kol. 2:22,23. Sien sy *Institutes*: I.XII.1; I.XII.3; II.VII.5; II.VIII.17; IV.X.1,8-11,16-18, 23, 24, 26.

6 VE d'Assonville, *John Knox and the Institutes of Calvin* (Durban: Drakensberg Press Limited, 1968), p. 70.

7 Saam met die verse wat reeds genoem is, sien ook die volgende Skrifgedeeltes as begroning vir die regulerende beginsel: Gen. 4:3-5; Ex. 20:4,5; Lev. 10:1-3; Deut. 12:28-32; 2 Sam. 6:3-7; Jer. 7:31; 19:5; 1 Sam. 13:11,12; 1 Kon. 12:26-33; Matt. 15:1-9; 28:18-20; Joh. 4:21-24; Kol. 2:11-23; ens.

8 *The Works of John Knox* (Canada: SWRB, 1996 [1893]), vol. 3, p. 34.

9 Sien ook die Skotse Konfessie (1560); Franse Konfessie (1561) en die Westminster Konfessie (1643-48).

10 Vir die volledige lesing, sien *Die Esra Verslag*, Jaargang 9, nr. 49, p. 112 e.v.

11 Professor Dirk Postma 1818-1890 (Potchefstroom: Pro Rege, 1958), p. 204, 205.

12 Die Westminster stel die kwessie oor die 'omstandighede' van die erediens as volg: "... en dat daar sekere *omstandighede* is betreffende die erediens aan God en die regering van die Kerk, gemeenskaplik met menslike handeling en die gemeenskappe wat deur die natuurlike lig en Christelike versigtigheid bepaal moet word, volgens die algemene maatstaf van die Woord wat altyd in ag geneem moet word."

13 Ter inligting: "Die Sinode van Emden, 1571, (art. 69) keur die kniel tydens die gebruik van die Nagmaal af, hoewel dit as middelmatig beskou kan word. Die assosiasie met die Roomse Mis en die simboliek van die hiërargie daarin het daartoe gelei." LS Kruger e.a., Handleiding by die Kerkorde van die GKSA (Potchefstroom: Pro Rege, 1966), p. 502. Sien ook KO, artikel 62.

“edelmoediger (wees) as dié in Thessalonika; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was” (Handelinge 17:11).

Dit is my mening dat ons die aanslag van hulle wat krities teenoor die Skrif staan en die gesag van die Skrif verwerp of aangaande die erediens verdraai, alleen met die RBE van die Skrif kan weerstaan, soos gehandhaaf en bely deur die Calvinistiese Reformatore en die gereformeerde belydenisskrifte, en nie met die Luthers-Anglikaanse sienings van Luther en Cranmer nie.

Die beker *alleen* by die nagmaal; manne *alleen* in die ampte; die Sondag *alleen* as Sabbat; die Psalms *alleen* teenoor gesange; ensovoorts, kan alleen gehandhaaf word met die *sola Scriptura - regulerende beginsel van die erediens*, naamlik “om die Here te dien soos Hy beveel” of “wat die HERE nie gebied het nie, is verbode”. Dit is juis die Lutheraans-Anglikaanse siening wat lei tot die hedendaagse eiewillige godsdiens in ons kerke.

Ds Momberg reageer

Ons bedank broeder Slabbert Le Cornu vir sy bydrae om die Presbiteriaanse regulerende beginsel van die erediens te verduidelik. Op ‘n reguit en eenvoudige manier, met ‘n beroep op aanhalings uit die werke van die reformatore, word aangetoon hoedat ‘n bepaalde groepering uit die protestantse godsdiens hulleself teen allerlei liberale invoerings in die erediens beveilig het. Die voorstanders van die ‘Regulerende Beginsel vir die Erediens’ (RBE) begeer en bedoel niks anders as die gehoorsaamheid aan God se Woord nie. In dié sin sluit dit aan by die doel van hierdie blad. Ons wil graag die hele lewe vanuit God se Woord op ‘n teties-antitetiese manier (dit is: positief opbouend, maar ook waarskuwend) beskrywe.

Een van die belangrike implikasies is dat ons, sowel as die voorstanders van die RBE, ten opsigte van baie aspekte oor godsdiensinrigting by presies dieselfde eindresultaat gaan uitkom. Die *begroning* en *motivering* vir ons eensluidende eindresultate sal egter ingrypend verskillend wees. Die Gereformeerde manier gaan positief uit van wat die HERE in sy Woord alleen aan ons geopenbaar het; hoe Hy gedien en geken wil wees. Die Woord van die HERE sluit al die

betekenisryke uitdrukkingswyses in: beskrywend, gebiedend, verbiedend, toelatend. In samehang met die openbaring daarvan in die hele Skrif is dit die positiewe, vaste, betroubare vertrekpunt wat as kanon (maatstok) dien. Aan die Skrif as maatstaf word al die menslike handelinge deur die eeue heen getoets; die handelinge wat met ons saligheid in verband staan asook die handelinge wat ons gehoorsaamheid aan God betref; die dogmatiek; die etiek en die kerkreg. Nadat bepaalde kerklike praktyke sorgvuldig aan die Skrif getoets is, kan ons tot die oorwoë mening kom dat hierdie of daardie aksie nie geoorloof is nie, omdat dit in stryd is met God se Woord. Wanneer Calvyn die Roomse gebruik van die Mis behandel, wys hy dit uiteindelik af, omdat hy ontdek het dat die mense hulle met die Mis aan growwe afgodery skuldig maak - iets wat die HERE in sy Woord eksplisiet verbied!

Ook ander protestantgesindes het in daardie tyd die praktyk van die Roomse Mis afgewys, maar om ‘n heeltemal ander rede as Calvyn. Hulle sê: Dit is verbode omdat God dit nie beveel het nie, en wat God nie beveel het nie, is verbied¹⁴.

So sal Gereformeerdes en die voorstanders van die Presbiteriaanse RBE ten opsigte van verskeie ander praktyke ook by dieselfde *slotsom* kom, maar langs heeltemal *verskillende weë*. Kundige ontleders van die werke van Knox, byvoorbeeld Laing, Dickenson en Kromsigt, het die rede vir hierdie andersoortige benadering vasgestel. D’Assonville (1968, p. 70) stel dit soos volg: “In Calvin, however, there is a sound balance between the *letter* and the *substance* of the Scriptures ... However, when we come to Knox, we see, in comparison with Luther and Calvin, an overemphasis on the literal form of the Scripture above the substantive content. Therefore the Scriptures are to him the ‘express Word of God’ or the ‘playn commandement of God’”.

Ons het hier met ‘n benadering te doen wat opreg saamstry in die kragwerk van die Reformasie, maar met ‘n ander (ek sou sê gevaarlike) Skrifgebruik. Die uitgangspunte in die eerste twee paragrawe van broeder Le Cornu se artikel word as voorbeeld geneem.

“As dan gevra sou word wat die belangrikste dinge is waardeur die Christelike geloof onder ons vasstaan en sy waarheid behou, sal gevind

word dat die volgende twee dele nie alleen die belangrikste plek beklee nie, maar daaronder ook al die ander dele insluit, en daarom die hele inhoud van die Christelike godsdiens is, naamlik, eerstens, ‘n kennis van die manier waarop God reg aanbid moet word, en, tweedens, die bron waarvandaan verlossing verkry word. As ons hierdie twee dinge nie reg insien nie, hoewel ons mag roem in die naam Christene, is ons aanspraak leeg en waardeloos”.

Hierdie woorde van Calvyn is ook die belydenis van elke gereformeerde gelowige en gemeente. Verlossing én aanbidding staan sentraal in die christelike geloof, soos verwoord in die volgende woorde van die Nederlandse Geloofsbelijdenis artikel 7: “Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word.

Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word daarin uitvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - ja, al was dit ook ‘n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Galasiërs 1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deuteronomium 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is...”.

Dit is baie belangrik om bogenoemde uitgangspunte voorop te stel. Daarom moet baie goed op die volgende gelet word. Uit die samehang van tekstmateriaal en formulering blyk dit duidelik dat daar in ons belydenis suiwer uitgegaan word van dit wat God inderdaad openbaar het. Ons belydenis gaan uit van wat werklik in die Skrif staan, en nie van dinge waarvoor God sou geswyg het nie. Hou dit vas!

Wanneer die voorstanders van die RBE hierna die stelling maak dat wat God nie beveel het nie dus verbode is, maak hulle ‘n omgekeerde eweredige *afleiding* van wat ons *eintlik* bely.

Verder word die volgende Roomse beginsel ook genoem: As iets in die Skrif nie verbied word nie, dan is dit geoorloof. Dit staan teenoor die RBE wat sê: As iets in die Skrif nie beveel word nie, is dit verbode.

¹⁴ Vgl VE d’Assonville, 1968, p. 70, ‘n proefskrif in verband met John Knox en die Institusies van Calvyn.

Die artikel van broeder Le Cornu meld dat hierdie beginselteenstellings blykbaar so deur die geskiedenis tot ons gekom het. Daar word aanspraak gemaak dat die RBE 'die reformatoriese stelling' was.

Na my mening kan die historiese basis waarop hierdie stelling berus, met reg bevraagteken word. Die kerkgeskiedenis vertel dat die invloed van die Reformasie as 'n kerklik-godsdienstige beweging hoofsaaklik in Europa na Frankryk, Duitsland, Switserland, Skotland en Engeland deurgesuur het. Dit het ook vinnig na Nederland deurgebreek. Eers heelwat later het Amerika, Suid-Afrika, Nieu-Seeland en Australië die vrugte hiervan gepluk. Wanneer daar op die RBE as "die reformatoriese stelling" aanspraak gemaak word, is dit 'n groot vraag van watter 'geskiedenis' hier gepraat word. Veral die Duitse en Nederlandse kerkgeskiedenis, waar ons herkoms lê, ken hoegenaamd nie hierdie 'beginsel' wat ons belydenis in sy omgekeerde stelling formuleer nie. Daar bly dan maar een bron oor, naamlik die presbiteriaanse vertakking van die protestantse teologie, veral soos wat dit later in Amerika onder prominente teoloë geradikaliseer is.

Oor hierdie aangeleentheid is daar die afgelope tyd 'n insiggewende debat op die internet gepubliseer. Die debat word in Amerika onder verteenwoordigers van die 'evangelicals' gevoer. Waarskynlik is die een tussen Schwertley en Schlissel die opmerlikste een om te volg.

Daar kan baie kritiek teen hierdie debat ingebring word. Die stelling wat Schlissel oor die geskiedenis van hierdie benadering gemaak het, is egter opvallend. Hy het gestel dat dit 'n debat tussen die Gereformeerdes en die Presbiteriane is. Hierin is Schlissel waarskynlik baie akkuraat.

Die naartoglike aangrype van die RBE is nie 'n denkkees wat uit eie Gereformeerde geleedere kom nie, maar vanuit 'n Amerikaans-gevoede denkskool wat as 'n radikale teenpool teen die teologiese ontwikkelinge in die NG kerk oor die afgelope jare wil optree. Dit is dan ook goed te verstaan. Juis binne NG-geleedere lewe die afgelope aantal dekades reeds die denkkees dat, indien iets in die Skrif nie verbied is nie, dit geoorloof is. Hierdie denkkees het ook reeds sy jammerlike merke binne die GKSA gemaak; met name by Sinode 2003.

By die sinode is daar besware teen die besluite van Sinode 1988 ingebring. Sinode 1988 het, naas verskeie

argumente waarom susters nie in die besondere ampte mag dien nie, die argument bygevoeg dat ons geen voorbeelde in die Nuwe Testament vind waar vroue in die besondere ampte aangestel en gedien het nie. Die beswaardes het hierby verstaan dat die sinode van 1988 die volgende standpunt ingeneem het: As iets nie (met voorbeelde) beveel is nie, dan is dit verbode. Hulle het die teendeel gestel: As iets nie verbied is nie, is dit geoorloof.¹⁵

Hierdie argumentasie teen Sinode 1988 kom teen die agtergrond van die dwaalleer van die Fundamentalisme. Die beswaardes het dit tereg herken as 'n tipiese argument van die Amerikaanse Fundamentalisme. Sinode 1988 is daarom beskuldig van ongeoorloofde Skrifhantering. Die beskuldiging sou heeltemal korrek wees as dit die *enigste* argumentasie van daardie sinode was om te sê dat daar geen voorbeelde van vroue in die besondere ampte is nie; dit sou ongeldige "kasuïstiese" Skrifhantering wees. Op grond van hierdie veronderstelling het Sinode 2003 die punt van beswaar toegegee.¹⁶ Na my mening was die sinode verkeerd om die beswaarpunt toe te gee, aangesien die gebruik van voorbeelde in die Bybel tog 'n belangrike funksie verrig, naamlik om die lering, wat oral deur die Skrif voorkom, te illustreer. Die sinode van 1988 het die argument van voorbeelde myns insiens nie ongeldig gebruik nie.

Soortgelyke vorme van biblisistiese Skrifhantering kom ook op ander plekke in die handelinge van Sinode 2003 voor - en dit nogal op die metode wat die RBE voorstel: Die sinode "illustreer hoe, op 'n biblisistiese (skyn van *sola Scriptura*) wyse, die vierde gebod nou skielik anders as die ander nege gebooie verstaan moet word, want, so sê die sinode (Acta, p. 486, vgl punte 14 en 15): "*Die eis van die Sabbatgebod ontbreek in die Nuwe Testament*"¹⁷. Dit is presies die argument van die RBE - wat nie beveel word nie, is 'verbode' - of ten minste in die vryheid van die individu se gewete.

'n Verdere voorbeeld toon aan dat biblisme ook as praktyk onder Gereformeerdes funksioneer. In baie gemeentes is die sogenaamde tweede erediens, wat as leerdiens bedoel was (KO art 68), afgeskaf. Die bekende argument van die regulerende beginsel word gebruik, naamlik dat daar geen opdrag in die Bybel is vir die hou van 'n tweede erediens nie¹⁸.

Die laaste gegewens is genoem om aan te toon hoe aktueel die probleem onder ons eie geleedere in die GKSA is. Hoe ons die saak ook al bekyk - of dit gaan oor die dinge wat die HERE nie verbied nie, en of dit gaan oor die dinge wat Hy nie beveel nie - albei kante is verkeerd. Dit stry met ons belydenis insake die genoegsaamheid van die Skrif. Ons gaan eenvoudig uit van dit wat God ons in sy Woord beveel, hetsy dit gebod is, hetsy dit verbod is. Ons bely: wat Hy gebied het, mag ons nie nalaat nie en wat Hy verbied het, mag ons nie doen nie.

Oënskynlik mag die saak wat hier aangespreek word na 'n klein literêre benaderingsverskil tussen myself en die voorstanders van die RBE lyk. Ons wil immers graag almal die egte reformasie in mense se denke en praktyke dien. Tog kan die benaderingsverskil vir die praktyk uiteindelik verreikende gevolge hê. Die onderhouding van die kerklike jaar op gedenkdade soos Goeie Vrydag, Paasfees, Hemelvaart, Pinkster en Kersfees is maar een bekende voorbeeld. Ons moet weet dat die Woord van die HERE alle afgodery verbied. Ons mag dus nie hierdie feeste op 'n skema van die wêreld najaag en onderhou nie. Buitendien is hierdie feeste, wat uit die Ou Testamentiese kultusdiens kom, in Christus vervul. Ons kan egter nie aan die geopenbaarde wil van die Here verbykom wat van ons verwag om die groot heilsdade van God in Christus met geloofsbydskap te waardeer nie. Om daarvoor in 'n normale erediens saam te kom, is nie alleen ver verwyderd van die wêreldse afgodsdiens nie, maar is die manier hoe die gemeente aan God welgevallig erkenning gee. Moenie die onderlinge byeenkomste nalaat nie!

Ons handhaaf nie die 'solas' in ons godsdiens vanweë allerlei stilswyes van die HERE ten opsigte van dinge wat Hy blykbaar nie in die Skrif geopenbaar het nie, maar juis op grond van die dinge wat Hy wel geopenbaar het. Nie vanweë dinge wat Hy nie verbied nie. Ook nie vanweë dinge wat Hy nie beveel het nie. Maar vanweë die dinge wat Hy inderdaad beveel het, en die dinge wat Hy inderdaad verbied het.

15 Kyk Acta 2003, p. 557 par. 335-337.

16 Kyk Acta 2003, p. 563, punt 6.1.

17 Aanhaling uit 'n toespraak van dr VE d'Assonville in 2003 voor die VGL.

18 Ook so as voorbeeld van Biblisme aangetoon in toespraak van dr VE d'Assonville in 2003 voor die VGL.

Herman Bavinck

In 'n vorige artikel het ek u geneem na die webwerf *Project Neocalvinisme* (<http://www.neocalvinisme.nl>) en u laat sien wat daar van K Schilder te vinde is. Nou gaan ons kyk wat daardie webwerf aan werke van Herman Bavinck bied.

Biografie

Die opsteller van die webwerf begin ook hier met 'n baie kort lewensbeskrywing.

Bibliografie

Onder die opskrif *Boeken en brochuren* word alle titels uit die pen van Bavinck en die jaartalle waarin dit verskyn het, genoem. Die titels is dus wel daar, maar helaas is daar weinig

van die boeke self wat beskikbaar is om afgelaai te kan word. Dit is duidelik dat die eienaar van die webwerf met die versameling van werke van Bavinck begin het, maar nie verder gekom het as 'n paar boeke en geskrifte van hom nie.

'n Samevatting van Bavinck se proefskrif kan wel afgelaai word. Die onderwerp daarvan is Ulrich Zwingli en sy etiek.

Bavinck is veral bekend vir sy Gereformeerde Dogmatiek, wat uit vier dele bestaan. Juis dit was 'n groot teleurstelling: net deel 1 is beskikbaar, en slegs gedeeltelik.

Online Bible en Bavinck

Online Bible en Bavinck se Gereformeerde Dogmatiek

Daar is tog goeie nuus. Onlangs het ek die nuutste *Online Bible De Luxe* CD (2003) onder oë gekry. Daar was 'n groot verrassing: ook die vier dele van Bavinck se Dogmatiek is in sy geheel daarop. Die CD is weliswaar nie so goedkoop nie: 129 Euro's! Tog is dit deur en deur die moeite werd. In 'n volgende artikel meer inligting oor hierdie CD.

Skakels

Onder *Links* gee *Project Neocalvinisme* geen skakels na ander webwerwe wat werke van Bavinck bevat nie. In die biblioteek van Spindle (<http://www.spindleworks.com/library>) is daar wel een (vertaalde) werk van Bavinck, naamlik *The sacrifice of praise*.

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

KERK SONDER GRENSE

Professor Yolanda Dreyer, teoloog van die Nederduitsch Hervormde Kerk, skryf in *Beeld* van 2 Februarie 2004 onder die titel 'Skuif vooroordele opsy ... en luister' oor die probleem dat die ou manier van doen en sê jonges nie meer oortuig nie.

'Twee gelowe op een kussing - die duiwel slaap daartussen', lui 'n ou Nederlandse spreekwoord. Dit verwys na 'n Protestant en 'n Katoliek wat getroud is. 'n Paar dekades gelede was dit 'n soortgelyke 'euwel' in Suid-Afrika as mense buite hulle denominasie trou. Later was 'n oor-en-weertrouery binne die susterskerke darem aanvaarbaar, maar tog net nie met iemand van 'n 'sekte' nie. Meer onlangs praat gelowige ouers dankbaar van 'n voornemende skoonseun of -dogter wat, 'hoewel uit 'n sektekerk, darem tog 'n gelowige en 'n goeie Christen is'.

Deesdae gaan dit nie meer oor die skoonkind se geloof terwyl die eie

kind se geloof en kerklidmaatskap as vanselfsprekend aanvaar word nie. Baie gelowige ouers, ook (veral?) predikante, se kinders kom nie in 'n kerk nie. Sommige van hulle is dankbaar dat die kind wel 'n verhouding met God het. Daar is darem sprake van spiritualiteit. God is tog belangriker as kerk en dogma, nie waar nie?

Die godsdienstige 'bottom line' is klaarblyklik: mense wat darem nog 'n saak met God het. Maar wat maak geloofsgemeenskappe hiermee? Bly hulle soos hulle is? Dit beteken dat almal wat aan 'n kerk behoort, min of meer dieselfde dink, voel en glo, dieselfde woorde en beelde oor God het. Andersheid word uitgesluit.

Of raak die grense van kerklike denominasies sagter? Dit sou inhou dat die geloofsgemeenskappe al hoe meer oop is om mense wat wel 'n saak met God het, te verwelkom hoewel hulle God dalk anders sien,

beskryf en ervaar. Oop wees, klink baie mooi, maar dit is nie maklik nie. Gekonfronteer met nuwe idees en vreemde maniere van sê, voel 'n mens ongemaklik, onhandig, onkundig, onseker. Dit is genoeg om mense terug te dryf na ou sekerhede wat nog boonop so gerusstellend vroom kan klink. 'Die suiwer leer', 'behoudend', 'soos die Bybel sê'.

So trek die geloofsgemeenskap laer - veilig verskans agter hoe dit nog altyd was. Diegene wat hulle daar buite bevind, moet maar self sorg om warm en versadig te word. Maar wat as die daar buite ons eie kinders is? Die kinders wat nie in 'n kerk kom nie? Navorsing onder jong mense in Europa lewer insiggewende resultate op. Ons in Suid-Afrika kyk na die noorde vir tendense waarmee ons dalk in die toekoms te doen kan kry.

In Nederland, tradisioneel 'n Christelike en gereformeerde land, is die persentasie jong mense wat aan 'n

kerk behoort die kleinste van al die lande wat ondersoek is. In die einste Nederland is daar egter die hoogste persentasie jonges wat eksperimenteer met allerhande godsdienste en gelowe. Baie jong mense ken nie die kerk se woorde nie, is bevind. Hulle beskik nie oor 'n gedeelde taal en woordeskat om oor God te praat nie. Hulle vervaardig hul eie woorde en uitdrukkings so ver as wat hulle gaan. Hulle is ongemaklik met die woord 'God', wat hulle assosieer met die institusionele kerk. As gevra word of hulle 'tot God bid', antwoord die meeste 'nee'. Maar as die vraag anders gestel word, byvoorbeeld of hulle 'oomblikke van gebed of meditasie' ervaar, antwoord 'n groot persentasie 'ja'. Hulle bid meesal saans in die bed met hul oë toe en hande gevou. Hulle bid wanneer hulle hulp en steun nodig het. Hulle verwerk en maak sin van die dag se gebeure in hierdie gesprekke met die Godheid. Selfs in die mees gesekulariseerde lande in Europa het jong mense op hulle manier klaarblyklik nog 'n saak met

God. Maar dis 'n ánder saak as die tradisionele een, met ander woorde, beelde en maniere van doen.

Indien geloofsgemeenskappe wil bly voortbestaan om 'n verskil te maak in die wêreld en die koninkryk van God te laat kom, sal hulle voortdurend nuwe lede moet toevoeg tot hul geleedere. Dit beteken onder meer dat jong mense oortuig sal moet wees dat die waardes van die geloofsgemeenskappe relevant en die moeite werd is. Aan die getalle jong mense wat die kerke verlaat, lyk dit asof die gemaklike 'ou manier van doen en sê' nie meer oortuig nie.

Eerlike gesprek en leer van mekaar, oop wees vir mekaar en kreatief soek na nuwe maniere van sê en doen wat pas by hierdie wêreld, sou dalk kon werk. Dit sou vra van tradisionele gelowiges om by hulle gemaksones verby te kom en respekvol na die ander te luister. Dit sou vra van dié buite die kerk om hulle vooroordele opsy te skuif en respekvol na die ander te luister. Met waardes soos naasteliefde en respek wat vir sowel tradisionele gelowiges as spirituele mense belangrik is, behoort dit sekerlik nie ondoenbaar te wees nie!

Die probleem wat professor Dreyer aanspreek, gryp 'n mens aan die hart. Menige middeljarige en bejaarde ouerpaar ken die smart van (volwasse) kinders wat hulle rug op die kerk keer en 'n ander rigting inslaan. Dit veroorsaak dikwels selfverwyte en 'n nimmereindigende maalstroom van vrae: Waar het dinge begin skeefloop? Het ons ons kind reg opgevoed?

Die probleem laat 'n mens eweneens eerlik-krities na ons kerk-wees kyk. Hoekom is dit so dat iemand in 'n gelowige huisgesin grootword, van kleins af in die kerkgemeenskap opgroei, en dan op 'n dag besluit om die bande te breek? In antwoord hierop sal verder gekyk moet word as persoonlike dryfvere wat iemand tot so 'n ingrypende besluit laat kom. Wat het so 'n persoon van kerk-wees gesien en gehoor en beleef? Ons glo dat die kerk gemeenskap van heiliges is. Maar wat sien ons daarvan? Wat is die effek van kerk-wees? Hierdie vraag behoort 'n staande punt op die agenda van elke kerkraad te wees.

Professor Dreyer se remedie vir die siekte is klaarblyklik anders. Sy bepleit 'n nuwe kerklike woordeskat, wat nie soseer met die Woord van God ooreenstem nie, maar eerder vir die oor van die hoorder toeganklik en aanvaarbaar is. Sy bepleit in die

tweede plek 'n ontmoeting tussen die kerklik behoudende lidmaat en die nie-kerklike buitestaander. Albei behoort van sekere vooraf ingenome standpunte af te sien, en mekaar in die gees van naasteliefde te benader. Sy bepleit derdens 'n herbewoording van die 'ou dinge', sodat die opkomende geslagte hulle daarmee kan vereenselwig. In die vierde plek staan sy 'n meer ope benadering van kerk-wees voor, waarin elke lidmaat op sy en haar eie manier die wyse van omgang met God bepaal.

Oor al vier hierdie aspekte is daar heelwat te sê. Die kern is myns insiens 'n tweevoudige pleitrede:

- Laat die mens bepaal hoe die kerk van Jesus Christus moet lyk en funksioneer en vir die kerklike buitestaander aanvaarbaar is.
- Laat die mens besluit op watter manier God aanbid en verheerlik word.

Saamgevat: kerk sonder grense; en onlosmaaklik daaraan verbonde: lidmaat sonder grense.

Daarteenoor glo en bely ons dat Christus sy bruidskerk vergader, beskerm en onderhou. Christus is die Hoof wat die grense neerlê. Sonder liefdevolle gehoorsaamheid aan ons Here Jesus Christus is alle pogings tot 'vriendelike uitreiking' na buite-kerklikes en kerklos mense 'n eiesinnige poging om as kerk te oorleef, ook al word dit hoe goed bedoel. Die probleem wat professor Dreyer aanraak, kan slegs op een manier aangespreek en die hoof gebied word: Skrifgefundeerde evangelisasie, wat deur vurige gebed gedra word. En, uiteraard: 'n opregte soeke na ware kerk-wees, soos hierbo gestel is.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Mev J de Wind
Ds GJ Meijer
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 546 4915
e-pos: gjmeijer@absamail.co.za
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Dr ALA Buys
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 335 9134
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnommer:

Veritas
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Pretoria, Waverley Plaza

Intekengeld:

R110 per jaar

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316, Gezina, 0031
e-pos: printbur@mweb.co.za